# 1 April 2024 - Lesing 275 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Aansporing om weerstand te bied in die eindtyd **–** 26/3/62

**NO: 8136** Julle sal seker kan wees daarvan, dat Ek by julle aanwesig is, **sodra julle My stem verneem**. Julle kan glo dat My Gees in julle werk, sodra julle julleself **innig met My verbind** en begeer om My te hoor.

Maar die voorwaarde moet vervul wees, dat julle julleself tot **opnamehouers** vir die stroom van My Gees sal vorm, dat julle julle harte gereed gemaak het vir My teenwoordigheid. En dit kan **slegs die liefde** tot stand bring, wat dan die **lewende geloof voortbring** aan My werksaamheid in julle, waar julle andersins nie binne-in julle sou kon luister na My Stem nie.

Maar as julle My aanspreking hoor, dan moet die deemoed ook julle hart vervul, **want slegs aan die deemoedige skenk Ek My genade** en My aanspreking is ‘n genadegeskenk van ongelooflike betekenis.

Maar dan sal julle ook daarvan oortuig kan wees, dat julle in die waarheid wandel, want wat Ek julle nou sê in ‘n regstreekse aanspreking, is waarheid, omdat dit van die **Gewer van die waarheid**, van die ewige Waarheid Self uitgaan.

En dus, beskou julle steeds as My dienaars, wat steeds maar net sal wil, dink en handel, **net soos dit met My Wil ooreenstem.** Want julle sal geen opnamehouer van My goddelike Gees wees, as julle julleself nie in vrye wil julle dienste sou aangebied het nie en My dus bewustelik julle wil skenk, wat julle dus self op My rig en julle bygevolg die wilsproef op aarde afgelê het en julle julleself op die terugweg bevind en al kort voor julle doel aangekom het.

**Hoe anders moet Ek dan julle missie vir julle bevestig, waarvan julle die uitvoering daarvan vrywillig vir My aangebied het?**

Ek kon julle vir hierdie missie uitkies, omdat alle voorwaardes aanwesig was en Ek wil dat julle ook julle missie uitvoer en julle op geen enkele wyse dit laat weerhou nie, want dit is belangrik. **Ek soek My knegte wat ‘n sterk wil het uit**, nie willekeurig nie, wat sal standhou teen al die aanstorming van die kant van My teenstander. Hy deins waarlik vir geen middel terug nie, wanneer hy hoop om daardeur die lig te kan doof wat helder van bo na die aarde toe straal.

Word daarom nie wankelmoedig in die geloof om vir My goeie dienaars te wees nie, inteendeel hou julle net vas aan My en die verleier sal wyk, wanneer hy sien dat sy planne en voornemens tevergeefs is.

Maar Ek laat ook aan hom die volste vryheid toe, want dit is die laaste tyd. Spoedig sal sy aktiwiteite ten einde loop en vir solank sal Ek ook weet om julle wat My bewustelik wil dien, te beskerm, as julle maar vas aan My is en bly. **En gebruik alle krag om in My wingerd te arbei.**

Laat julle nie bang maak nie, glo en vertrou veel eerder op My, Wie julle waarlik sal beskerm en julle nie sal prysgee aan dwaling nie, **omdat julle ernstig na waarheid verlang.**

Hou julle hart steeds geopen vir die stroom van My Liefde en **ontvang onafgebroke die brood des hemels, die lewende water**.

Laat julle deur My voed en lawe en julle sal toeneem in krag en My met vreugde dien. **Maar luister nie na wat mense vir julle sê nie,** wanneer dit nie ooreenstem met My Woorde nie.

Ek laat wel aan elkeen die Vryheid toe, want die wil van die mens dwing Ek nie, maar elkeen moet homself ernstig afvra **in welke betrekking hy tot My staan** om ook korrek te dink en te handel voor My oë.

En hierdie korrekte verhouding moet julle steeds tot stand bring en julle sal dan ook seker daarvan wees dat julle onder My beskerming staan en My teenstander nie hoef te vrees nie. Maar hy sal julle in die noute bring tot aan die einde, omdat hy weet dat hy nie meer veel tyd oor het nie.

En dit moet vir julle ook die verklaring wees vir die **eienaardige gebeurtenisse** wat nog sal plaasvind, maar wat julle steeds sal kan afweer met My hulp en My krag, want Ek verlaat hulle nie wat van My wil is en bly nie.

**Ek gee hulle die krag om te weerstaan**, - Ek verleen hulle steeds My beskerming sodat hulle hul taak op aarde kan vervul binne My Wil. Amein.